Esmé-Mari Hunsinger

STUDIELEIER: Prof. E. Swart

# Patrone van samewerking en ondersteuning in voldiensskole

Die agtergrond waarteen hierdie studie voltrek is, is dié van ŉ inklusiewe-onderwyskonteks by ŉ voldiensskool in die Wes-Kaapprovinsie met sy eie unieke uitdagings en kontekstuele faktore wat daagliks onderwysers se ervaringe van onderrig en samewerking binne onderrig beïnvloed. Inklusiewe onderwys word gedefinieer as ŉ internasionale beweging wat uitsluitingsbeleide en praktyke uitdaag en is ŉ baie sensitiewe, maar belangrike onderwerp in Suid-Afrika. Volgens vele navorsers is daar ŉ behoefte om onderwysers se spesifieke houdings, sin van selfdoeltreffendheid, ervaring in hul eie klaskamers en die rol wat kultureel-historiese faktore speel te verstaan, want onderwysers is die sleutel tot die moontlikheid van verandering.

Die doel van hierdie studie is om insig te bekom in samewerkingspraktyke in inklusiewe onderwys, hoe onderwysers in ŉ spesifieke voldiensskool samewerkingspraktyke ervaar en tot watter mate hierdie samewerkingspraktyke tans waarde toevoeg tot inklusiewe onderrig.

Hierdie ondersoek behels ŉ kwalitatiewe gevallestudie van beperkte omvang. Deur middel van onderhoude en niedeelnemende observasie waarby altesaam ses deelnemers betrokke was het die studie tweeledige resultate bevind: ondersteuning en kollegiale (sosiaal-vriendskaplike) verhoudings wat onder onderwysers ontstaan as gevolg van samewerkingspraktyke baie waardevol kan wees vir inklusie aangesien dit onderwyserveerkragtigheid versterk wat onderwysers meer geneig maak om as veranderingsagente op te tree vir inklusie. Andersyds dui bevindinge daarop dat baie samewerkingspraktyke wat in onderwysbeleid gestipuleer en in die sisteem ingebed is en ten doel het om inklusiewe onderwys te vestig, steeds gebaseer is op uitsluiting. Dit laat die waarde van samewerking vir bevordering van inklusiewe onderrig afneem. ŉ Ander spanningsveld wat die studie openbaar, is die belangrike rol wat konteks speel in die implementering van inklusiewe onderwys en die teenstrydige dilemmas wat ontwikkel weens ŉ idealistiese inklusiewe-onderwys-beleid wat nie die nodige hulpbronne kan bied vir die ewig vergrotende diversiteit van behoeftes nie.

Hierdie bevindinge stel eerstens voor dat ondersteuningstrukture deur middel van samewerking in voldiensskole aangemoedig moet word om onderwyserveerkragtigheid te bly bou. Sonder veerkragtigheid sal onderwysers nie die nodige agentskap kan toon om verandering teweeg te bring nie. Tweedens blyk dit dat ware inklusie moontlik nog nie plaasgevind het nie. Wat nodig is, is die herbedenking van ŉ volwaardige inklusiewe pedagogie.